

HEILBRON

HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



>>> BLADSY 2

Phiritona Crime Fighters

Phiritona Cluster 2 and the police have the community's problems under control.

>>> BLADSY 2

Four arrested in Phiritona for possession of dagga, nyaope and platinum soil

>>> BLADSY 8

Stap, draf, trap vir dowes
Sit jou masker oor jou bakkies, trek aan jou tekkies en val in die pad vir 'n goeie doel.

BENNIE STERK AAN



Met sy aankoms kon hy bevestig baie van sy huisware het voete gekry en kon hy onder andere sy Fuji kamera en slow cooker uitken en baie van die linne is ook verlore. Daar is ook geld uit sy tjekrekening getrek terwyl hy nog in intensiewe sorg gelê het. Sy ma, Hilda, is tans by hom terwyl hy aansterk. Sedert die ongeluk plaasgevind het, het Bennie geen kontak met Debbie gehad nie, maar neem kennis dat een van haar paroolvereistes is om nie naby hom te wees nie. Volgens Bennie het die argument gegaan oor die bestel van pizza en na hy verduidelik het hy het nie tans geld daarvoor nie, het sy die geweer om hom gerig en gedreig om hom te skiet. Hy het egter ten spyte daarvan nie gedink sy is ernstig nie. Bennie vertel dat hy vinnig aansterk en dit met hom goed gaan.

Graag wil Bennie en sy ma die dorp bedank vir hulle ondersteuning, asook die inwoners van Raubenheimerstraat wat uit hulle pad gegaan het om hulle by te staan.

NGWATHE TOETS STEEDS NEGATIEF

Soos laasweek berig oor die Covid positiewe geval, blyk dit die vrou het die virus opgedoen met haar terugkeer na Gauteng. Haar familie in Heilbron is getoets vir die virus en tot dusver kon niemand bevestig dat hulle positief getoets het nie. 'n Woordvoerder van die Departement van

Gesondheid dra geen kennis van nuwe gevalle in die Fezile Dabi distrik nie. Tokollo Hospitaal mag geen inligting aan die publiek deurgee van pasiënte wat daar getoets is nie. In Suid-Afrika is daar op hierdie stadium 18 003 aantal gevalle waarvan 180 in die Vrystaat aangemeld is.

Bennie de Klerk is terug by die huis nadat hy deur sy huismaat, Debbie Mouton, in die bors geskiet is en die koeëlpunt Saterdag verwyder is. Hy sterk aan by sy eie huis in Heilbron nadat hy oorspronklik na sy ma se huis in Pretoria sou gaan. Die polisie het vir Bennie laat weet hy moet hierheen kom aangesien goedere vanuit sy huis in die strate verkoop word.

19^{de} PRODUKSIEVEILING
 Don. 11 JUNIE 2020 – 11:00
 • SUNNYSIDE, Heilbron

Beleggingsdag: 10 Junie 2020, 14:00

20 Bulle
(Fase D getoets)

250 Vroulike diere
(alle produksiestadia)

200km Gratis Aflewering

NAVRAE:
 Foon: 052 328 9994
 Fax: 052 328 9994

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAG – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
 Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
 E-pos: frankfort@bkbouwld.co.za
 www.bkb.co.za
 Wap: 062 3005 9261/7136/1

Waar sake elke keer die eerste keer reg gedoen word!

PHIRITONA CRIME FIGHTERS

Since the new year started, the community in Phiritona has had major problems with cable theft, home burglaries and vandalism to the schools. A group of residents decided enough was enough and talked to Colonel Mokhethi about starting a patrol group in the neighbourhood. A group has been established that work hand in hand with the police. The cable theft and home burglaries have decreased tremendously since then. Phiritona Cluster 2 and the police have the community's problems under control. The groups councillor Mr. Ndai supported them tremendously. Major Joey Maehela has provided the patrolling group with the necessary equipment to make them fighting crime successfully. The group patrols the community every night to make it a safer place and fight the crime in the neighbourhood.

On the photo, behind from left to right: Thato Chabalala, Archibald Molotsi, Jabulane Mthimkhulu, George Khathatse, Eric Dlamini, Skupa Methe, Tshepo, Macibuko, Moses Mashile, Joel Thabe, Daniel Melato, Ishmael Moholo and Samuel Kuape

FOUR ARRESTED FOR DRUGS POSSESSION

Three males aged between 35 and 39 and one female aged 28 were arrested in Phiritona Heilbron for possession of dagga, possession of drugs and possession of platinum soil. It is alleged that on Tuesday 19 May 2020 at about 18:30, the Welkom Public Order Police Reaction team received information about someone dealing in drugs at a certain house in Marantha section. They followed up the information and on arrival at the house a search was conducted which led to the

arrest of three males of which one of them is a Lesotho national and one female for possession of dagga, nyaope and platinum soil. The police confiscated 762 packets of nyaope weight (439g), 174 pokes of dagga weight (455g), plastic bag of platinum soil weight (716g) and undisclosed amount of cash. The suspects will appear at the Heilbron magistrate court on Friday 22 May. Brigadier Motantsi Makhele Office of the Provincial Commissioner: Free State

MAATSKAPLIKE SITUASIE IN SA VERSLEG

Die negatiewe impak van die Covid-19-inperkings op gemeenskappe regoor die land begin nou ernstige afmetings aanneem. Die Covid-19-regulasies, asook die afwykende en soms onsinne toe-passing daarvan, lei tot 'n groeiende weerstand onder almal en ondermyn die geloofwaardigheid van alle regeringsvlakke. Die ongedispliseerde optrede van munisipale werkers in noodsaaklike dienste wat nou met reëlmaat hierdie dienste onderbreek met onwettige stakings, vererger die opvatting onder inwoners dat die owerhede beheer oor die situasie verloor het. 'n Styging in misdaadvlakke skend gemeenskappe se vertroue in die owerhede verder. Gemeenskappe voel dat wettoepassers hulle in die steek laat. Die feit dat buurt- en plaaswagte verbied word om te funksioneer, skep 'n nog groter breuk in die vertrouensverhouding tussen gemeenskappe en die owerheid. Die stemme van weerstand is besig om 'n koor te word en oproepe tot belastingboikotte onder inwoners, is nie meer vreemd nie. Teryl klein- tot mediumgrootte ondernemings steeds deur obskure regulasies gedwing word om gesluit te bly, raak die rye vir kospakkies langer en skenkers al hoe minder. Al hierdie faktore skep 'n ploffare situasie. Die gesindheid van alle wets-toepassers van die Covid-19-regulasies, moet ferm gemonitor word en enige magsvergrype of onsensitiewe optrede moet in die kiem gesmoor word. *Mediaverklaring: Michal Groenewald, VF Plus-LP*

NERSA KEUR ESKOM PRYSVERHOOGINGS GOED

Dit is vir Vrystaat Landbou (VL) 'n reuse teleurstelling dat NERSA toegelaat het dat ESKOM R13,3 miljard van die R27,3 biljoen aan verliese wat ESKOM gedurende die boekjaar 2018-19 kan vorder. VL doen al 'n aantal jare voorleggings en vertoë tydens NERSA se openbare verhore en het al menigmaal sy afkeur vir die verhoging van tariewe bo inflasie aangedui wat meestal gedoen word weens die verliese wat gely word as gevolg van slegte bestuur en blatante korrupsie en nou blootgelê moet word. Elektrisiteit is 'n belangrike insetkostekomponent van die meeste intensiewe voedselproduksiestelsels soos suiwel, varke, pluimvee en besproeiingslandbou (besproeiing alleen wat 25% van die voedselproduksie van die land uitmaak). Hierdie verhoging sal die koste van ESKOM elektrisiteit vir 'n betalende gebruiker met 6,5% verder verhoog. In die landbou sektor plaas hierdie prysverhoging uiteindelik druk op verbruikerspryse vir voedsel maar word aanvanklik opgeneem deur die boer wat 'n prysnemer is. Die geweldige skuld aan ESKOM wat deur nie-betalende munisipaliteite aangegaan is, blyk nie voldoende deur NERSA aangespreek te wees insoverre

ESKOM gedwing moet word om hierdie skuld te verhaal nie. Na munisipale herverspreiders, is die landbousektor ESKOM se tweede grootste kliënt in die Vrystaat. Verder het die staat ook ingestem om 'n verdere reddingsboei vir hierdie Entiteit in Staatsbesit aan te bied, dit teryl 'n massiewe wolk van korrupsie en politieke asook staatskappingsaanklagte wat nog nie opgelos is nie, hang. Beide die verhoging van tariewe en die koste van die reddingsboei kom daarop neer dat die produktiewe belastingbetalende burger toenemend meer gedruk word om 'n ondoeltreffende, opgeblase en korrupte burokratiese stelsel te finansier. Hoe lank gaan dit duur voordat die stelsel in duie stort? NERSA erken egter regeringsmislukkings en dat verdere aanpassings onderworpe sal wees aan die uitslag van ondersoek na hierdie mislukkings. Alternatiewe hernubare energiebronne is al lank koste effektief, maar die burokratiese rompslomp in die toepassing en die koste van verbinding met die netwerk belemmer hierdie alternatiewe om meer bekostigbare voedsel vir die land te voorsien. *Mediaverklaring: Michal Groenewald, VF Plus-LP*



WISSENTAAL
Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Koopkrag gewaarborg
Kontak ons bemarkers
P.J. MÜLLER
060 966 9340

Bestuurder & Bemarker

CORJAN DE JAGER
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville

DAVID GERBER
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn

GERHARD HARTMAN
082 550 2054
Villiers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBBELAAR
060 965 6207
Afslaer

SPAR

WE'RE TURNING SHOPPING INTO CARS!

In dié moeilike tye is ons nog steeds daar vir jou met ons SPAR Wen 'n Kar kompetisie

KOMPETISIE STREK VANAF 21 APRIL TOE 7 JUNIE 2020

24⁹⁹

27⁰⁰

24⁹⁹

R26⁹⁹
R24⁹⁹

34⁹⁹

27⁹⁹

R25⁰⁰
R22⁰⁰

Die Skottel

wat alles doen

KOOK + BERG + WAS + VRIES

KOOP KRY 'N PLAKKER VIR ELKE RIJD WAT JY SPANDEER

VERSAMEL 15 PLAKKERS EN VOLTODI JOU VERSAMELKAART!

SPAAR 55% WANNEER JY 'N PYREX SKOTTEL KOOP

SPAR

*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk/multi-kopie/kombo wat hier vertoon word.

ELKE DEELNEMENDE PRODUK WAT JY KOOP GEE JOU NÓG 'N WENKANS!

Beleidsbaar by aangesoekte SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit vanaf 19 Mei tot en met 24 Mei 2020, terwyl voorraad hou. Die beëindigingsdatum vir die kompetisie is 24 Mei 2020. Die kompetisie word deur SPAR en die SPAR Rewards-program aangebied. Die SPAR Rewards-program is 'n handelsmerk van SPAR. Die SPAR Rewards-program is 'n handelsmerk van SPAR. Die SPAR Rewards-program is 'n handelsmerk van SPAR.



UIT DIE PEN

Uiteindelik het ons agbare Minister van Onderwys (bo-wys en alles-wys – jy sal dit net verstaan as jy op die destydse PUK geswot het) die aankondiging der aankondigings gemaak: Die graad 12 en graad 7 leerders gaan terug skool toe. Nugter weet hoekom die graad 7's. Ek sou sê dat die Graad 10 – 12 leerders moet teruggaan skool toe, maar helaas dink almal nie soos ek nie. (Dalk eerder 'n sêen as 'n vloek, ek weet nie)

Dit is vir my baie ironies dat daar sekere mense is wat die inperkingsmaatreëls met 'n glimlag oortree, maar wanneer die agbare aankondig dat die skole gaan heropen, skree dieselfde mense "Wolf! Wolf!"

Ek is so bly dat 'n deel van ons samelewing kan aangaan met hulle lewens. Dit terwyl sommige mense (heel teen die wet) ook aangaan met hulle eie lewens. Party stap en ry en kuier die wêreld vol terwyl agbare NDZ nog wonder wie se spoeg aan die zol raak (saliva on the paper). Ander spog oor RSG dat hulle 'n pakkie van 20 sigarette teen R200 by die Pakistani se kafee aankoop (Teen R10 per sigaret sal ek vir elke rokie 'n okkasie maak). Dit terwyl die Pakistani luikeels verkondig dat hy mal is oor die

"WEEK AGT"

minister, want nou maak hy geld soos bossies.

Indien onse kabinet gedink het dat hulle massaveldtog die rokers gaan maak ophou rook, het hulle die toets klaaglik misluk. Volgens The Guardian het 2,2 miljoen mense in die Verenigde Koninkryk meer gerook as tevore. En nee, hulle was ingelig oor al die voor- en nadele van rook en Corona. Volgens hulle het 4,8 miljoen rokers min of meer ewe veel gerook en daar word geglo dat 1,9 miljoen uit die VK opgehou rook het. En blykbaar het Suid-Afrikaners dieselfde paadjie gevolg het. Bottom line: jy sal ophou rook wanneer jy wil. Nie wanneer iemand namens jou daaroor besluit nie.

Wynand vertel hulle het nie meer wyn nie, wat 'n groot probleem kan wees vir iemand met so 'n naam. Voor die grendeltyd het hulle 'n redelike voorraad wyn aangekoop. Onder andere ook twee groot bokse wyn. Hulle het die eerste boks oopgemaak en byna verstik aan die slegte wyn. Hulle was vas onder die indruk dat iemand die hele slegte boks wyn weggegooi het.

Nadat die proviand toe opgedrink is en hulle begin kwyl vir nog, pak iemand die kombuis reg. Diep onder in die kas onder die wasbak ontdek hulle die kleinood: die omtrent-nog-vol wynboks. Hulle gooi dadelik daarvan in en klink 'n glasje. En wonder hoekom hulle ooit gedink het dat die wyn sleg was.

Dieselfde Wynand het ook sy hand aan wynbrou gewaag. Hy het vir my die resep gestuur om wyn te maak van rooi druiewesap, suiker en gis. Hy moes eers die resep aan sy kant probeer, en dan sal sou ek

probeer, sou dit geslaagd wees. Tot op hede het ek nog nie terugvoer gehad oor Wynand se Wyn Hand nie.

Daar is omtrent geen pynappel oor wat my sak pas nie. Ek gaan nie ten minste R26 vir een betaal nie. Dus bly ons nou maar daarsonder. Dit het my laat dink aan 'n neef van my ou pa. Hy was 'n apteker van formaat, maar het ook enige iets wat kan vrot gebruik om witblits te stook. Ek kan onthou dat hy 'n klomp pampoene ook gebruik het. Ek kan myself nie indink hoe pampoen-witblits sou proe nie, maar as ons dit nou in die hande kon kry, sou ons ook bossiegeld gemaak het. Daarvan is ek seker.

Die ander dag het iemand vir my 'n hele lys van interessantheide oor COVID-19 in SA gestuur. Heel ironies is dit alles snaaks, maar tog waar. Ek vertaal dit losweg en gebruik dit met apologie aan die skrywer.

Daar is kolonies dormante virusse wat skuil in insteekskoene. Hierdie kolonies word latent die oomblik wanneer iemand die skoene aankoop.

Die kolonies virusse maak hulle ook tuis in die somersklere wat in winkels te koop aangebied sou word. Dit word latent wanneer jy 'n kortmou hemp aankoop en dit nie onder 'n langmoukledingstuk aantrek nie. Die virus wêét.

Die virus is tussen 06:00 en 09:00 totaal onaktief. As jy natuurlik vir drie ure so vinnig soos Usain Bolt kan hol, kan jy omtrent die hele wêreld genees. Indien jy glad nie in daardie tyd wil hardloop nie, kan jy duisende mense aansteek.

Die virus is baie intelligent. Dit val slegs mense aan wat verder as

5 kilometer van hulle huis af beweeg tussen 06:00 en 09:00.

Die virus kan gou aangesteek word tussen mense wat by dieselfde firma werk, daarom die minimum van 1 meter afstand tussen twee mense. Maar die virus word nie oorgedra in rye mense wat vir ure in toue van 3 km lank staan en wag vir kos nie.

Die virus is baie, baie aansteeklik op strande, maar gelukkig is die geregsdiens heeltal immuun daarteen. Hulle het nie eers maskers of gesigskerms nodig om mense in hegtenis te neem nie.

Indien jy 'n klein permitjie wat jou toestemming gee om van punt A na punt B te beweeg in jou hand vashou, maak dit jou ook immuun teen die virus. Maar pasop! As jy durf waag om sonder die papiertjie te beweeg, sal die virus jou summier aanval en jou gat skop. Dubbel en dwars.

Die virus word geaktiveer deur alkohol wat by Tops, Pick'nPay Liquor en ander wettige drankwinkels aankoop word, maar dit is totaal skadeloos wanneer jy jou eie alkoholiese brouersel drink. Hoe meer jy drink, hoe gesonder is jy.

Die virus word versprei deur sigarette wat wettiglik aangekoop word en wat bydra tot belasting. Indien belasting nie daarop betaal word nie (lees: onwettig), is die kans baie goed dat geen virus naby jou kan kom nie. Die virus kan net vir 'n paar uur op sekere oppervlakke oorleef. Maar vir amper 8 weke in skole.

Dis 'n opgevoede virus, dink ek.

TE KOOP

ILE DE FRANCE OOIJTJES TE KOOP

32 Ile De France ooijtjes
8 maande oud.
Kontak Kobus 082 7080 442



TE HUUR

YORKY'S TE KOOP

Pragtige Yorky hondjies beskikbaar.
Kontak 072 279 7743
K0716

HUIS TE HUUR BETHLEHEM

Huis te huur in aftrekoord in Bethlehem.
NAVRAE: Me Stafford
083 330 9296 of Mnr De Wet
076 119 5282
K0714

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za

John Watson john@heilbron.co.za

Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za

Celéste herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)

Carlen heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)

Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)

Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)

Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

Silma heraldnuus@heilbron.co.za - Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz asook op webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

Vr 22 Mei	2 / 22	Sonnig
Sa 23 Mei	2 / 21	Sonnig
So 24 Mei	2 / 21	Sonnig
Ma 25 Mei	2 / 22	Sonnig
Di 26 Mei	2 / 15	Sonnig
Wo 27 Mei	- 2 / 15	Sonnig
Do 28 Mei	2 / 18	Sonnig
Vr 29 Mei	4 / 19	Sonnig
Sa 30 Mei	5 / 21	Sonnig
So 31 Mei	5 / 21	Sonnig
Ma 1 Junie	5 / 21	Sonnig

BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur:

Kosmos is genade blomme, jy saai hulle nie, plant hulle nie, gee hulle ook nie water nie, maar as jy sien staan hulle langs die pad, só is die Here se Genade, sonder dat jy iets doen om dit te verdien, is dit daár.

Mag jy dit elke dag raaksien. Dieel Jesus se liefde en Genade met ander. Dit kos mos niks!

Bron: Hester Mouton

Die skaapwagter het altyd die skaap wat nie verder kon nie, wat swak en moeg was, opgetel en huistoe gedra. Daar kom tye in ons lewe dat ons ook voel ons kan nie verder nie dan is die Goeie Herder daar om Sy skape "op te tel" en deur te dra.

Bron: Onbekend

GELOOF

Twyfel sien die struikelblokke. Geloof sien die weg.

Twyfel sien die donkerste nag,

Geloof sien die dag. Twyfel vrees om 'n stap te neem. Geloof vlug omhoog Twyfel vra wie glo? "Geloof antwoord:" ek glo in Hom.

Bron: Heléne Howell

U moet verseker weet dat die Here niemand verlaat of vergeet nie. Lees gerus Mat. 28:20, Jes. 44:21. Die Here het ook nie vir Simeon en Saul verlaat nie maar hulle het afgewyk van die weë van die Here. Nêrens in die Bybel sien ons dat God iemand verlaat het nie. Die Here word ook nie moeg vir ons as ons om vergifnis vra nie. Waarom sou Jesus dan gesê het

DIENTE

SMALLS

Remediërende Therapie & Studiemetodekursus
slim, behulpssame metodes en onthou-tegnieke vir jong leerders
(4-dag kursus)
Breda Scheepers : 083 660 5873

T4 INFRARED FOREHEAD THERMOMETER
FEATURES:
- Temperature reading can be done without contact
- Infrared sensor
- Measurement time: Less than 1 second
- Large digital screen display
- One button measurement
- Easy to use
PRICE UPON REQUEST
Vir sny-, hark- en baalwerk. Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring
082 851 6158 of Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS ALGEMENE DRAAIWERK MEGANIESE HERSTELWERK

GiG

Technologies (Pty) Ltd.

074 279 6993

072 840 4495

Gigabyte AMD Desktop Computer

*AMD 9600 Processor *Keyboard
*4GB DDR4 RAM *Mouse
*1 TB Hard Drive *20" LED Monitor
*DVD Writer

NOW ON SALE
FOR ONLY R6999

While stocks last

ORDER
YOURS
TODAY

Vir die vervoer van vee en graan asook algemene vervoer met vrag versekering kontak Jacques 0826263215

Juané Vervoer

082 626 3215



WINDE VAN VERANDERING EN HEILBRON



“The wind of change” – so het Harold Macmillan, Britse eEerste minister in 1960 in die destydse Parlement van Suid-Afrika gesê. Dié winde het gewaai en daar word nog sulke winde ervaar – hoewel nie meer op politieke terrein nie, maar wel op ekonomiese gebied. Heilbron se distriksgebied het gestrek vanaf die oostekant van die Renosterrivier tot teenaan die Vaalrivier tot waar die Wilgerivier in die Vaalrivier loop, en verder op langs die Wilgerivier tot aan die lyn van distrik Bethlehem, en weer wessus tussende die plase Buffelsvlei en Blaauwbokspruit tot aan Liebenbergsvlei, ens. Dit was ’n enorme distrik wat verskeie dorpe soos Sasolburg, Vredefort en Koppies, ingesluit het. Daar was destyds sprake van goud, maar aan die einde van die dag was daar slegs swart “goud” (steenkool). Heilbron se inwoners het van dag een af – dit is nou sedert 1860 met die afbakening – vooruitstrewendheid voor oë gehad. Dit het toe bestaan uit 400 plase. Daar moes ’n kerk gebou word – besluit toe in 1879 om ’n nuwe kerk te bou. Dit nadat die dorp Heilbron in 1873 tot stand gekom het. Daar moes ’n spoorlyn kom om Heilbron te bedien en aansluiting te gee – in 1898 stoom die eerste trein Heilbron binne en eers nadat die kolewa naby die ou seunskoshuis ontpoor het. Die inwoners het dit egter gou weer op sy spoor getel. Selfs die Engelse troepe het die spoorlyn gebruik tydens die Anglo-Boereoorlog. Die spoorlyn is goed benut tydens Heilbron se nywerheidsuitbreiding en die dorp as grensnywerheid verklaar is. Fabriek is gevestig en NCD het baie uitgebrei om melk vanaar die hele RSA te verwerk. Heilbron se skole het ook nie stilgestaan nie. Dit het ’n Primêre en Hoërskool tot stand gebring. Op

geestelike terrein is daar aan almal se behoeftes voldoen. Die sakeondernemings het uitgebrei en daar is veral onder die Afrikaanse sakelike gespook om staanplek te kry – veral onder die leierskap van dr. Kaalkop van der Merwe. Hy was dan ook die stigterslid van die Afrikaanse Sakekamer en Handelsinstituut. Met die totstandkoming van al die uitbreidings moes Heilbron ook sy waterkwestie aanspreek. Hy was afhanklik van die sterk fontein. In 1906 is die eerste boorgat gesink en in 1932 is die damwal en pomphuis in gebruik geneem. In 1960 is die damwal verhoog. In die omgewing van 1970 is die eerste waterpyplyn vanaf die Vaaldam aangelê. Eskom het die elektriese krag voorsien. Heilbron het sy groeikurwe en entoesiasme behou en die inwoners is veral oorreed om plaaslik te koop. So het Sandersville ook tot stand gekom. Heilbron-dorp het ook ’n nuwe woonbuurt ontwikkel nl Vegkop. Phiritona het ook geweldig uitgebrei. Daar was werk vir almal in Heilbron. Daar is ’n nuwe landdroskantoor en poskantoor gebou, asook ’n nuwe polisie-stasie. Dit is nou die jaar 2020! Waar staan Heilbron nou? Ons kan begin by die distrik – waar Heilbron die grootste graansorghum verbouers was, is daar nou enkele boere wat dit tans plant en melkboere bestaan bykans nie meer nie. Koring word net op enkele plase verbou. Die hoof verbouing is tans mielies, sonneblom en sojabone. Om te oorleef word plase groter en kleiner boere verkoop hul grond. Meganisasie speel ’n groot rol in verbouing. Waar die SAS (Spoorweë) die meeste vervoer hanteer het, is dit nou trokke wat die werk doen. Daar is seker nie een boer wat vandag nie sy eie graan vervoer nie – hetsy

Koöperasies toe of elders. Heilbron se spoorlyn na Wolwehoek is afgebreek, die spoorwegstasie tot niet. Net die treindiens vanaf Bethlehem/Arlington bestaan nog, en kort-kort word daar van die spoorlyn gesteel vir skrootyster. Die spoorlyn bedien die in- en uitvoere van graan. Heilbron se grensnywerhede is bykans almal weg, behalwe Simba (Pakworks) en Ado Betimmering (Adolf Grobbelaar) – in hul plek het plaaslike sakeondernemings ontwikkel. Clover het afgeskaal deur sy hoofkantoor na Johannesburg te verskuif. Daar moet melding gemaak word dat plaaslike sakelui oa Telwiedre, Jacques van Rooyen se atjarsfabriek, Piet Badenhorst se Afri Pype, die twee slagpale – HBA en BBB – en talle kleiner ondernemings nou werk verskaf. Heilbron het nie ’n spookdorp geword nie – intendeel het die nuwe geslag opgestaan en hul merk gemaak! Die destydse regering het besef dat om die trek na die stede te stuit moes hy iets op die tafel lê en daar het die grensnywerhede ontstaan. Die Nywerheids Ontwikkelings Koöperasie het die finansies beskikbaar gestel. Dit is kommerwekkend om te dink dat die Landbank tans finansiële probleme het, sowel as Eskom, Poskantoor, Spoorwet en seker bykans al die munisipaliteite asook staatsondernemings, ens. En om alles te kroon is daar nog die Covid-19 virus wat sake verder deurmekaar krap. Al hierdie aanpassings moet nog deur die Reënboognasie verwerk word en dit in ’n tydperk waar die rekenaar elke dag opgegradeer word met nuwe funksies – dit gaan sy tol eis! In die platteland lewe ons van mekaar – koop plaaslik en verseker u toekoms.

Time gentlemen. Tom Watson

Heilbron Hoërskool se Boereorkester 1955
Die seuns en dogters wat help bou het aan die skool se tradisies – dit is deel van ’n skool wat ongesiens die trots en lojaliteit na vore bring. Agter staan George van Rensburg, Andries Kruger, Alida Labuschagne (pragtig gesing), Etta Scheepers, mnr Victor Lass (orkesleier), George Scheepers, Ebeth Smith, Dunbar Bucknall, Gert van Tonder en J. Muller. Voor: Scottie Marais, Fritz Schreuder, Smiles Fourie, Niek Cilliers, Lukas Botha, Jean Bosman, Arthur Underhay. Heel voor: Corrie Strydom (pragtig gesing) en Tommy Robertson.



SITRUSBOOM GROEI

Frans en Riekie Els in Piercestraat spog nou vir die derde opeenvolgende jaar met ’n suksesvol draende lemoenboom. Hulle het hom as ’n jong boompie geplant en gebruik engelse sout en vloeibare kunsmis as bewerking vir die grond. Lemoenbome groei wyd in tropiese en subtropiese gebiede terwyl ons hier in Heilbron meer onder die grasvlaktes geklasifiseer word. Lemoene is sedert 1987 die mees aangeplante vrugteboom ter wêreld en is verantwoordelik vir ongeveer 70% van sitrusproduksie wêreldwyd. Die Els egpaar slaan hierdie die winter weer met ’n ses weens sitrusvrugte ’n hoë voedingswaarde het en bevat baie minerale en vitamene, veral vitamien C, wat as een van die beste teenvoeters vir winterverkoues beskou word. Bou jou weerstand teen die winter en bederf jouself met hierdie maklike **Lemoenkoek resep.**
Bestanddele: 250 g botter/margarine, 250 ml strooisuiker, 3 eiers, 125 ml melk, 50 ml vars lemoensap, 5 ml lemoenskil fyngesny, 500 ml bruismeel, 5ml bakpoeier, sout
Metode: Stel oond op 180 °C en smeer 2 koekpanne, bestrooi met bietjie meel. Klop botter en suiker saam tot lig en romerig. Klits eiers een vir een by. Voeg melk, skil en lemoensap by en meng. Sif droë bestanddele by bottermengsel, klop goed. Skep in panne en bak 25 tot 30 min tot gaar. Laat effens afkoel en keer uit op draadrak.
Versiersel: 60 g sagte botter, 500 ml versiersuiker, 5 ml lemoenskil. Meng goed en voeg genoeg lemoensap by om dit smeerbaar te maak. Versier koek na smaak.

HYPERTENSION

Hypertension means high blood pressure. You can't feel that your blood pressure is high, that is because high blood pressure doesn't make you feel sick. You may not even know that you have it. Ask the sister or doctor at your nearest clinic to test your blood pressure. Remember to take your hypertension medication every day as prescribed by the doctor or sister.

What increase the risk of getting hypertension? Overweight, family history of hypertension, pregnancy, no exercise, certain drugs and medication, stress, age (higher risk with age), men also have a higher risk than women
What food can have an affect on your blood pressure?

Fat. A high fat diet can cause you to become overweight, which in turn can lead to hypertension.
Choose a diet low in fat! Remove all fat from meat before cooking. Remove skin from chicken before cooking. Avoid meat, which contains a lot of fat for example bacon, polony, vienna's, russians and boerewors. Do not fry foods in deep oil, rather roast, boil or bake. Rather use low fat margarine or spray and cook. Do not add margarine, butter or oil to vegetables, porridge or other foods. Eat less french fries, chips (eg. Simba), pastries biscuits, cakes, chocolate and fatty foods.

Use skimmed or 2% low fat milk, instead of full cream. Avoid coffee creamers and condensed milk.
Alcohol. Alcohol can increase your blood pressure. If you drink alcohol, drink no more than 1 drink for women and 2 drinks for men. 1 drink = 120 ml / 1 glass of wine or 1 can of beer or 60 ml spirits
Fibre. Roughage (fibre) will help to bring your blood pressure down.
How do I eat more fibre? Oats and legumes (e.g dry beans and lentils) are good sources of fibre. Use brown or whole-wheat products, e.g. brown

bread, brown rice, oats, mealie rice and barley instead of refined foods. Fruits and vegetables must be eaten raw with skin (where possible). Remember to drink lots of clean safe water.
Salt. Foods high in salt affect your blood pressure by increasing it.
Try to avoid the following:
Bottles: Soya sauce, Worcester sauce, Tomato sauce, Chutney, Marmite.
Packets: Instant soups and other “instant” products, potato chips.
Cans: Baked beans, canned vege-

tables, bully beef.
Other: Salt, beef or chicken stock, Aromat.
What should I do except for changing my diet? Be active. That doesn't mean you have to do hard exercises. Climbing stairs or going for a walk is also activity. Try to be active for more than 20 minutes in a day. Stop smoking. Smoking can increase blood pressure. If you are overweight it is important to lose weight, because being overweight can increase blood pressure.
• **Heilbron Clinic**

WEES ONS OË EN ORE

HELP ONS OM ONS PYPLYN TE BESKERM

Geen voertuie, petroltenkers of mense moet naby 'n sperklepkamer of die pyplyntrekkers of serwituit kom nie.

Transnet Pipelines besit, bestuur en bedryf 'n ondergrondse netwerk van 3 800 km hoëdrukpetroleum- en gaspyplyne. Die soete van die pyplyne word duidelik deur bognonise merkers aangedui.

Onne beskerm die pyplyne en die gepaardgaande infrastruktuur af hoe meer om die produksie te steun. Dit is uiters gevaarlike omgewings skuldige as hul lewens moes inboet, en het ook broodvoorraal en onvattende skade aan die omgewing veroorsaak. Nulle optrede stel ook die lewens van mense wat naby die pyplyne woon in gevaar en bederf die sekuriteit van die toerisme van petroleumprodukte wat van nasionale belang vir Suid-Afrika se ekonomiese en ontwikkelingsdoelwitte is.

Die pyplyne word geklassifiseer as noodsaaklike infrastruktuur. Om daaraan te peuter, af saam te span of daaraan te peuter, is dus 'n Skuldige oortreding ingevolge die Wysigingswet op Strafregtelike Aanspreekbaarheid, Wet 18 van 2015. Transnet, in samewerking met gespesialiseerde wetstoepassingsagentskappe, laat geen steun onaangeroer om toe te sien dat elkeen wat by hierdie oortreding betrokke is, met die volle krag van die wet te doen kry nie. Ons het reeds verskeie inligtingsneming suksesvol gedoen en op voertuie beslag gelê as deel van ons geïntegreerde pogings om misdaad te voorkom. Die oortreders kan tronkstraf van minstens 15 jaar opgelê word.

Buiten die verskeie sekuriteitsmaatreëls wat in plek is, doen ons ook in beroep op u, die mense wat in die nabyheid van die pyplyne woon, werk of reis om enige verdagte kriminele aktiwiteite te rapporteer. Help ons om alle gemeenskappe langs die pyplyne te beskerm en 'n diens te bevellig wat onontbeerlik vir ons land se ekonomiese is.

RAPPORTEER ENIGE AKTIWITEIT DADELIK DEUR DIE VOLGENDE NOMMER
TE BEL: 0800 203 843 OF 031 361 1500 OF SAPD Crime Stop: 08600 10111

HERALD

STAP / DRAF / TRAP VIR DOWES

SPORT

“Sit jou masker oor jou bakkies, trek aan jou tekkies en val in die pad vir ’n goeie doel.”

Só som Annari Combrink, ’n plaaslike inwoner, die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) se #LockDownRun-uitdaging op. Die NID het alle Suid-Afrikaners uitgenooi om aan hul 5 km stap-, draf of -trapuitdaging deel te neem.

As gevolg van die grendeltyd is verskeie hardloop- en fietsresies landswyd gekanselleer en het ’n nuwe gier soos ’n veldbrand tussen mense versprei: virtuele oefenuitdagings.

“Dit het eintlik begin toe Bennie Roux, ’n boorling van Reitz, maar nou van Centurion, op 4 April die Comrades-marathon in sy erf afgelê het. Hy het 360 keer om sy huis gehardloop om ’n afstand van 90 km af te lê,” het Combrink verduidelik. “Van daar het al meer en meer mense en instansies van die geleentheid gebruik gemaak om mekaar uit te daag om soortgelyke renne te voltooi.”

Die NID het sy #LockDownRun as fondsinsameling van stapel gestuur. Dit kos R50 per inskrywing en deelnemers moet teen 31 Mei 5 km stap, draf of fietsry.

Verskeie pryse is op die spel en sal deur middel van ’n gelukkige trekking bepaal word. Daar is ook pryse vir deelnemers wat die uitdaging in die snaakste uitrusting voltooi.

Combrink en Melany Kroon, ’n oud-Edenviller wat in 2003 aan die Hoërskool Heilbron gematrikuleer het, het reeds die 5 km drafuitdaging voltooi. Kroon het op 14 Mei haar uitdaging in Lydenburg kafgedraf. Drie dae later het Combrink haar roete in die strate van Heilbron voltooi.

Johan Bergh (15), ook van Heilbron, het die uitdaging op sy fiets aangepak. Hy het op 11 Mei ’n raps meer as 6 km in Heilbron platgetrap.

Ten minste nege ander Heilbronners het ook vir die uitdaging ingeskryf en beoog om oor die naweek hul tekkies daarvoor af te stof.

Belangstellendes kan nog tot 31 Mei vir die uitdaging inskryf. Die prystrekking vind die volgende dag plaas. Die enigste vereiste aan die uitdaging is dat ten minste 5 km afgelê moet word en dat dit binne die grendeltyd se reëls moet geskied.

Foto regs: VINNIGE VYF: Melany Kroon het die 5 km #LockDownRun-uitdaging in ’n blitsige 28 minute voltooi.



DRAFSTAP VIR LIEFDADIGHEID: Annari Combrink is een van ten minste 12 Heilbronners wat vir die NID se #LockDownRun-uitdaging ingeskryf het. Vicky, haar Boston-terriër, het die uitdaging saam met haar aangepak.



MERKE, GEREED, TRAP! Johan Bergh se fiets staan gereed vir aksie voordat hy aan die NID se #LockDownRun-fietsryuitdaging deelgeneem het.

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za



JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Tel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067



BKB Louwid NOORD
Die komende week se **BELANGRIJKSTE** veiligings

DINSDAG - 26 MEI 2020

KLERKSDORP Waaikloof veiling
Kontak: Rudy van der Westhuizen 078 818 4204

VERDERING Waaikloof veiling
Kontak: Frank Pieterse 078 660 7038

WOENSDAG - 27 MEI 2020

MEDEL Mvandelhof veiling
Kontak: Lukus Steenkamp 067 404 0800

DONDERDAG - 28 MEI 2020

FRANKFORT Waaikloof veiling
Kontak: Gerit Burger 082 822 1952

SENTRAL STREEK ORANJIE / PARYS NTH-COM
30 Bulke nr 106 Vryheid-dak
1100, Parys Aft-Dak
Kontak: Solly de Villiers 072 814 4006

VRYDAG - 29 MEI 2020

STANDERTOM Waaikloof veiling
Kontak: Paul de Bruijn 078 882 1138

POTCHESTROOM Waaikloof veiling
Kontak: Riaan Herbst 076 134 3040

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD: 0696/026877/07
Postbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (054) 813 1071, Faks: (054) 813 2207
e-pos: frankfort@bkbloewid.co.za



POSTNET HEILBRON

DOMESTIC & INTERNATIONAL COURIER SERVICES

INSURANCE • PACKAGING • TRACKING

Please book in-advance please call before 16:00



LOCKDOWN TRADING HOURS
Monday-Friday: 09:00 - 14:00
Closed on Saturday, Sunday & Public Holidays

NEW PREMISES
42-Eis Str, Heilbron (next to Heilbron Herald)
Tel: 058 85 30 006 - heilbron@postnet.co.za
www.heilbron.postnet.co.za